**BYLAAG D: BELEID OOR ONVANPASTE GEDRAG EN INTIEME TOENADERING**

## 1. Doel en Beginsels

1.1. Hierdie beleid vorm deel van die skool se gedragskode en ondersteun al die Affie-kernwaardes, maar veral die waardes van respek, integriteit en verantwoordelikheid soos in die gedragskode vervat.

1.2. Die doel is om alle vorme van onvanpaste, intieme of onsedelike gedrag te voorkom en om ‘n veilige, waardige en respekvolle leeromgewing te handhaaf.

## 2. Toepassing

2.1. Hierdie beleid geld vir alle leerders:

- 2.1.1. op die skoolterrein en in die koshuis;
- 2.1.2. tydens enige skoolaktiwiteit of skoolverwante geleentheid, op of buite die terrein;
- 2.1.3. op skoolvervoer;
- 2.1.4. voor, tydens en na skoolure;
- 2.1.5. in skool- of sivieledrag; en
- 2.1.6. op enige sosiale of digitale platform waar die leerder as ‘n leerder van die skool geïdentifiseer kan word.

## 3. Onvanpaste of Immorele Gedrag

3.1. Geen leerder mag homself aan enige vorm van onbehoorlike, onsedelike of immorele gedrag skuldig maak nie.

3.2. Dit sluit in, maar is nie beperk nie tot:

- 3.2.1. enige vorm van seksuele teistering, aanranding of molestering;
- 3.2.2. fisiese aanraking of gedrag met seksuele ondertone of suggestiewe bedoeling;
- 3.2.3. enige vorm van onvanpaste aanraking, omhelsing, soenery, handevashou of gedrag wat as intiem of onwelvoeglik beskou kan word;
- 3.2.4. taal, gebare, dansbewegings of opmerkings van ‘n seksuele, suggestiewe of vernederende aard;
- 3.2.5. deelname aan of aanmoediging van seksuele dade, hetsy met of sonder toestemming;
- 3.2.6. enige gedrag wat die waardigheid of veiligheid van ‘n ander persoon aantas.

## 4. Ontbloting en Digitale Gedrag

4.1. Leerders mag nie:

- 4.1.1. hulself of enige liggaamsdeel op enige wyse onvanpas ontbloot of rondbeweeg terwyl hulle (volledig of gedeeltelik) naak is nie;
- 4.1.2. enige persoon ontbloot of aanmoedig om dit te doen nie;
- 4.1.3. enige foto's, video's of digitale materiaal maak, versprei of vertoon wat onbetaamlike of seksuele gedrag uitbeeld nie;
- 4.1.4. enige digitale of elektroniese toestel gebruik om sodanige gedrag vas te lê of te deel nie. (Oortredings van hierdie aard word ook hanteer in ooreenstemming met die Sosiale Media- en Elektroniese Toestelbeleid van die skool.)

## 5. Gedrag in Sosiale- en Koshuissituasies

5.1. Hierdie beleid geld ook vir leerders tydens:

- 5.1.1. enige sosiale aktiwiteit wat deur die skool georganiseer of ondersteun word;
- 5.1.2. enige koshuisaktiwiteit of interaksie;
- 5.1.3. enige situasie waar 'n leerder as sodanig geïdentifiseer kan word of op sosiale media verskyn. Geen leerder mag homself in enige situasie bevind wat die goeie naam of waardigheid van die skool kan benadeel nie.

## 6. Verbod op Geweld en Intimidasie

6.1. Geen leerder mag betrokke wees by enige vorm van:

- 6.1.1. seksuele geweld of teistering;
- 6.1.2. sogenaamde "afspraakgeweld" of enige vorm van intimidasie;
- 6.1.3. dreigemente, boeliegedrag of enige daad wat 'n ander se veiligheid of menswaardigheid aantas nie.

## 7. Dissiplinêre Gevolge

7.1. Enige oortreding van hierdie beleid sal as ernstige wangedrag beskou word en ingevolge die skool se Gedragskode, Skedules 1 en 2, hanteer word.

7.2. Dissiplinêre stappe kan skorsing, uitsetting en/of strafregtelike klagtes insluit, na goeddunke van die skoolhoof en beheerliggaam.